Vrydag 1 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 1:1-17	Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 1:17

Verwaandheid bring verdeeldheid

Vandag begin ons om die eerste brief van Paulus aan die Korintiërs te lees en te oordink. Daarom is dit nodig om ’n bietjie kultuurhistoriese agtergrond daarvan beter te leer ken. Lees gerus die inleiding tot die brief in die 1983-vertaling.

Dit is ook handig om ’n deurlopende tema in die brief te probeer vind. Die volgende saak is deurgaans opvallend: die ware evangelie en die bedienaars daarvan is eenvoudig, geestelik en onopgesmuk.

Dit was egter juis die probleem in God se gemeente in die hawestad Korinte. Hier het ’n gees van selftevredenheid en hoogmoed geheers. Die mense het gehou van uiterlik indrukwekkende predikers. Só was die valse leraars wat al agter Paulus aangetrek en hom en sy boodskap beswadder het (miskien was húlle sy berugte “doring in die vlees”?) (2 Kor. 12:7). Paulus wás nie só ’n indrukwekkende prediker nie (2 Kor. 10:10). En op hierdie manier het daar verdeeldheid ontstaan. Elkeen het ’n leraar na eie smaak gekies – ook uit diegene wat die Woord suiwer gepreek het, soos Sefas (Petrus) en Apollos (vs 11, 12).

Dit is ’n bekende verskynsel van ons tyd dat sommige mense van kerk tot kerk trek, op soek na meer opwindende eredienste en sjampanje-predikers … Oorweeg jy dit dalk ook? Dan het die grootste en nederigste apostel van Jesus vir jou ’n woord: “Christus het my … nie gestuur om te doop nie, maar om die evangelie te verkondig, en dit nie met woorde van menslike wysheid nie, want dan sou die kruis van Christus sy krag verloor” (vs 17).

Sing: Psalm 138-1:2, 3

Ds. J Botha (Johan) (Emeritus)